## LENTEDANKFEES 2016

Ons Lentedankfees is om die draai! DV op **9 September 2015** vanaf **17:00** hou ons weer in en om kerksaal lekker basaar! **Vanaf 10:00** sal daar reeds 'n **TEETUIN** wees waar heerlike drinkgoed, koek en tert geniet kan word. 'n Ligte middagete sal ook verkoop word. Die **speletjies** vir die kinders begin om **16:00** en die ouers kan dan in die teetuin kuier totdat die basaar om 17:00 open. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons gee vir u al die konvenors se telefoonnommers en vra vriendelik dat u sal skakel om u hulp aan te bied—ons het elkeen se hulp nodig!

- **KLEINKOEKIES**: Driekie en Angelique Strydom 6912955
- **BESKUIT en BROOD**: Marina Claassen 6912880
- **KOMBUIS**: Selma de Klerk 0845500554
- **SOSATIES EN HOTDOGS**: Aletta Hanekom 6932710
- **POEDING**: Annie van Zyl 6930440
- **KINDERTAFEL**: Jeanne Smit 6911450 of 0842843378
- **PANNEKOEK**: Driekie Muller 6904372 of 0762377928
- **GROOT KOEKE/TERTE**: Elise Claassen 6912813
- **KERRIEVIS**: Willa Thomas 0826643968
- **TEETUIN**: Marie Lofty-Eaton 0721422313
- **WIT OLIFANTE**: Dries Wheeler 6934504 en Leon Heunis 0835665888
- **DIE SPENS**: Carina Beyers 0825643633 of 6912426
- **TUISGEMAAKTE LEKKERS**: Elise Herselmann 6933776 of 0835606781
- **PASTEIE**: Tokkie Marx 6903509 of 0722274679
- **VLEIS/MARKTAFEL**: André Kritzinger 6932462
- **SPELETJIES**: Karin Koen 0835485444

WIMPY

**Die volgende word benodig:**

- Hoender vir die pasteie
- Skaap, bees, en varkvleis vir die vleistafel
- Polistreenbakkies en foelieborde
- 2L Roomysbakke
- Vis vir Kerrievis
- Margarien, eiers, kookolie en suiker
- Wit olifante





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 14 Augustus 2016**

*"Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees". (Kol 33:12)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Magdalenahuis.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese vandag geen agv begrafnis. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader 17:00 by ds Danie se huis.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds Robert) en **09:30** op Vleesbaai (ds André). Kinderkerk(ds Danie).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Alta du Toit Skool.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese om 11:00 Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader 17:00 by ds Danie se huis.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos Haven 2 se sitkamer en Dinsdag om 09:30 in die kerkgebou.

Ds André: Dinsdag om 09:30 in die saal.

Ds Robert: Dinsdag 09:00 by sy huis; Donderdag om 09:00 op Vleesbaai en Boekleesgroep 19:00 te 19de Laan 18.

**Dinsdag**: Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds Danie).

**Donderdag**: Manne bid 06:00 in die "gat".

**BANKBESONDERHEDE**

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Augustus is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEURKOLLEKTE:** Die deurkollekte vir Hospitaalbearbeiding – R2 343.70

**LENTEDANKFEES:** Ons basaar is DV op 9 September om 17:00 in die kerksaal.




**Let asseblief daarop dat ons die Basaar met één week uitskuif om al ons mense wat werk te akkommodeer.** Die dienswerkers loop reeds met die kollektelyste. Inligting van ons konvenors agterop op die afkondiginge.

Ons gaan 'n **TEETUIN** hê wat reeds van af **10:00** koek, tert en drinkgoed gaan hê en 'n Wimpy waentjie met heerlike koffie en ligte etes.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.



**KOMMUNIKASIE:** Indien u oor 'n epos-adres beskik en dit nog nie aan die kerkkantoor deurgegee het nie, stuur asb 'n epos met u adres en selfoonnr. na die kerkkantoor: ngkerkmsb-suid@absamail.co.za. Indien u 'n nuwe selfoonnommer kry, stel dit ook asb by die kantoor reg of gee u nommer deur as die kerkkantoor dit nog nie het nie.



**NUWE KERKRAAD:** Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag as kerkraadlede op Vleesbaai bevestig word: Sophie Honiball (diaken); Callie Möller(ouderling) en Dr Martin Pauw(ouderling). Kom ons bid dat die Here ook hulle sal seën in hulle dienswerk.

**VLEISTAFEL:** dankie vir mense wat reeds donasies gegee het vir die aankoop van vleis. As iemand wil bydra, kontak die kantoor of ds André.

**DANKOFFERS:** Ons inkomste is reeds R211 000 agter op die begroting. Ons doen 'n beroep op lidmate om in moeilike finansiële tye steeds getrou by te dra. Dankie vir almal wat met opoffering hulle bydraes gee!

### WOEKERPOGING

Op Vrydag 19 Aug word daar DV vanaf 13:00 by die kerksaal die volgende geregte vir wegneem aangebied: Heerlike Kerrie-afval met rys en pampoentert @ R40 en 'n Smaaklike kerriehoendergereg met rys en pampoentert @ R35. Dit word alleenlik op bestelling aangebied. Bestellings op die laaste Woensdag 17 Aug. Kontak: Kerkkantoor 044 6903552; Marie 072 1422 313 of Drika 072 589 3388.

*In gelukkige oomblikke:*
PRYS *God*

*In moeilike oomblikke:*
SOEK *God*

*In stil oomblikke:*
AANBID *God*

*In pynlike oomblikke:*
VERTROU *God*

*Elke oomblik:*
DANK *God*



# GEBEDSBULLETIN

**JULIE se tema: Koninkryksvisie.**



**Dank die Here die week vir:**

* Ons gemeente se uitreike na die Almakliniek en nagskuiling
* Elkeen wat reeds begin werk en woeker en bydra vir die Lente-dankfees.
* God se almag oor die skepping; dat Hy ook deur die natuur met ons praat;
* Afgedwaaldes dat God hulle deur hul krisisse tot verootmoediging sal bring
* Vir elke kind en jongmens wat in hulle eie invloedsfeer "opstaan vir Jesus"
* VCSV Onderwysers wat getrou weekliks met VCSV groepe leiding gee (Die VCSV is vanjaar 120 jaar)

**Bid hierdie week vir:**

* Magdalena Huis - dis 'n werksaamheid van BADISA wat o.a. 'n krisis-swangerskapsentrum is wat vroue versorg en aannemings fasiliteer.
* Die naderende dankfees. Bid ook dat die Here weer op 'n verrassende wyse in ons finansies sal voorsien (soos ons verlede jaar beleef het)
* Mosselbaai - vir die nuwe raad en burgermeester. Bid vir integriteit en die vermoë om almal se belange bo hul eie te stel
* Politici om 'n ontmoeting met die Here te hê en Hom te erken as die hoogste gesag.
* Zimbabwe. Daar is tans groot ongelukkigheid in Zimbabwe (die verbod op invoer van goedere; werkloosheid, armoede, gebrek aan kontant by banke en die drasties verswakkende ekonomie). Pastor Evan Mawarire het begin met vreedsame protes en die leuse "Genoeg is genoeg!" Hy vra dat die Kerk en kerke in die RSA sal bid vir vreedsame hervorming in Zimbabwe.



**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse: *Pieter Kempen van Boggomsbaai, Lukas Muller Kleinberg, Annatjie Smith Blombosch, Rolene Jacobs Stinkhoutstraat, Rika Stander JB Mullerstr ; Bessie Zietsman Santos Haven; Reeva Pienaar Vleesbaai.*

**Sterftes:** *Jureenus Beukes (eggenoot van Heldra) Santos Haven 182*